Aansoekdatums vir Skole vir 2021

Inskrywings **open** (Alle gewone openbare skole):
17 Februarie 2020
Inskrywings **sluit** (Alle gewone openbare skole):
17 Maart 2020

Wes-Kaapse Regering

Belangrike datums wat onthou moet word wanneer jy by 'n skool aansoek doen vir 'n plek vir jou kind in 2021

Vrae wat dikwels gevra word

1 Hoe skryf ek my kind in by 'n skool van my keuse? 'n Paar punte wat in gedagte gehou moet word.

- Doen vroeg aansoek. Moenie tot die laaste dag wag nie.
- Doen by meer as een skool aansoek.
- Ken die wet/gaan deur die skool se Toelatingsbeleid.

2 Wat is die toelatingsouderdom vir graad 1?

Verpligtende skoolgaande ouderdom (graad 1) is 7 jaar in die jaar waarop die kind in graad 1 is.
Toelating tot Graad R is 6 jaar oud in die jaar wanneer die kind in Graad R ingeskryf word.

3 Watter dokumente is nodig om 'n kind by 'n openbare skool te registreer?

- Geboortesertifikaat.
- Inentingskaart.
- 'n Oorplasingskaart/-brief.
- Laaste skoolrapport vir leerders wat reeds skoolgaan.
- 'n Studiepermit wat deur Binnelandse Sake vir buitelandse leerders uitgereik is.

'n Kind kan voorwaardelik geregistreer word indien hierdie dokumente nie beskikbaar is nie. Die ouer moet redelike tyd gegun word om dit in te dien.

4 Is dit belangrik om vir graad R in te skryf?

Ja. Vroeë kinderontwikkeling help leerders om later in hul skoolloopbane beter by te hou.

5 Kan 'n kind toelating geweier word as hy of sy nie in die skool se voedersone bly nie?

Die WKOD het geen voedersones/-areas verklaar nie.

6 Kan skole 'n nieterugbetaalbare deposito vra voordat 'n leerder aanvaar word?

Nee. Skole mag geen gelde vra voordat 'n leerder aanvaar word nie.

7 Waar doen ouers aansoek?

Ouers kan aansoek doen by ten minste drie skole (insluitende hul naaste skool). Ouers kan aansoek doen by skole of aanlyn by **wcedonline.westerncape.gov.za**. (Ondersteunende dokumentasie kan deur die skole versoek word wanneer u aanlyn aansoek doen.)